

September 2017

## SKANDINAWIË 23 Julie – 9 Augustus 2018 TOERPROGRAM

Julie

### Ma 23 JOHANNESBURG – AMSTERDAM

U moet op **23 Julie** om **20:15** by **KLM** se toonbank op die **O.R. Tambo-lughawe** wees vir **Vlug KL 592** wat om **23:15** na **Amsterdam** vertrek.

### Di 24 AMSTERDAM – HELSINKI

U land om **10:25** in **Amsterdam** en vertrek om **14:00** met **Vlug KL 1169** na **Helsinki**, waar u om **17:30** aankom. U word per bus van die lughawe na die hotel geneem. Aandete en oornag in Helsinki.

### Wo 25 HELSINKI – STOCKHOLM

Ons onderneem vanoggend 'n stadstoer van **Helsinki**, ook genoem "Die Dogter van die Baltiese Oseaan". Ons sien bv die Presidentspaleis, die Parlementsgebou, die Nasionale Teater en die pragtige Uspenski-katedraal. Ons besoek onder andere die merkwaardige Rotskerk (Tempelaukio), wat getuig van indrukwekkende argitektuur en vakmanskap. Ons klim by die interessante Sibelius-monument af en die stadstoer eindig by die Senaatsplein waar die imposante Kerk met sy groen koepeltorings uittoon. Hiervandaan kan 'n mens die bedrywige markplein self besoek en langs die Esplanade stap.

Ons gaan laatmiddag aan boord van 'n luukse veerboot vir 'n fantastiese oornag-seevaart na Stockholm. Dit is 'n ervaring om op die dek te staan wanneer ons vertrek en daarna 'n belewenis om die boot van hoek tot kant te verken. Later word 'n uitgebreide en heerlike buffet-aandete in een van die restaurante aan boord 'n feesgeleentheid!

### Do 26 STOCKHOLM

Wanneer ons **Stockholm** vroegoggend nader, vaar ons deur die skilderagtige Argipel van eilande. Vanaf die boot het 'n mens 'n pragtige uitsig oor die omringende eilande. Ná 'n vroeë ontbyt ontskep ons in Stockholm, die hoofstad van Swede. Hierdie pragtige stad word deur die skrywer Selma Lagerlöf beskryf as "the city that floats on water" omdat die stad in werklikheid op 14 eilande geleë is.

Ons onderneem 'n stadstoer onder leiding van 'n plaaslike gids en sien onder andere die indrukwekkende stadsaal en ander geboue, geniet 'n pragtige uitsig oor die stad en besigtig die eeue-oue stadsgedeelte Gamla Stan met sy imposante koninklike paleis, waar ons die smal Middeleeuse straatjies te voet verken. Ons besoek verder die wêreldbekende Vasa-museum met die manjifieke Vasa-oorlogskip wat in 1625 op sy nooiensvaart gesink het en in 1956 geberg en gerestoureer is.

Gedurende die middag kan u opsioneel die Skansen-opelugmuseum besoek en/of 'n bootvaart "under the 14 bridges" onderneem om Stockholm uit 'n ander hoek te besigtig. Andersins kan u op u eie in een van die vele koopstrate rondrentel, inkopies doen of een van die talle museums of kerke besoek.

### Vr 27 STOCKHOLM – HAMAR

Ons vertrek vanoggend per bus op ons reis deur die Sweedse platteland. Verskeie roetes kan gevolg word, maar ons sal moontlik langs die Vänern-meer, Swede se grootste meer, verbyry. Ons oornag in **Hamar** (Noorweë), 'n dorpie wat reeds in 1049 as handelstad tot stand gekom het. Hier kan 'n mens die indrukwekkende ruïnes van die 12de eeuse Domkerk sien wat deur 'n glaskoepel, 'n moderne meesterwerk uit glas en staal, beskerm word.

**Sa 28 HAMAR – GEIRANGER**

Ná 'n vroeë ontbyt reis ons verder al langs die Mjōsa-meer, Noorweë se grootste binnelandse meer, tot by **Lillehammer** – wêreldbekende toeristestad waar die Olimpiese Winterspele in 1994 plaasgevind het. Dit is die enigste stad ter wêreld wat 'n skiër op sy stadswaapen uitbeeld.

Ons reis vandag deur die indrukwekkende Gudbrandsdal, ook bekend as die ryk van Peer Gynt, na aanleiding van Henrik Ibsen se bekende drama.

Ons reis gaan voort oor Otta, sentrum van die vrugbare Gudbrandsdal, en **Dombas**. Daarna volg ons 'n sprokiesmooi roete deur die baie nou Romsdal, 'n pad oorskadu deur majestueus-getande berge en bruisende watervalle. Hier tron die bekende Romsdalthoring (1 554 m) loodreg bo ons uit.

Met 'n kronkelpad klim ons die **Trollstigveien** (Trollepas) uit terwyl 'n mens se asem byna wegslaan by aanskoue van dié ongelooflike natuurskoon. Hierdie beroemdste pad in Noorweë klim met elf haarnaalddraaie teen die rotswande uit. Ons ry verby die onstuimige Intrav-rivier en die Stig-waterval, wat met bruisende geweld 180 m tot onder in die dal stort. By die Uitsigt Trollstigen hou die bus stil sodat ons die onbeskryflike tonele op film kan vaslê. Dan ry ons verder tot op die hoogste punt van die pas, waar 'n restaurant en aandenkingwinkel is.

Nadat ons 'n rukkie vertoef het om maar net nóg te kyk en te kyk, ry ons verder deur die nou Meierdal-vallei na Valldal en Lingen vir ons kort veerbootvaart na Eidsdal. Die 26 km tussen Eidsdal en Geiranger word die Orneveien (Arendsweg) genoem – 'n treffende voorbeeld van uitnemende padbouvernuf. Eensklaps sien 'n mens daar ver onder 'n ongelooflike skouspel: Die wêreldbekende Geiranger-fjord! **Geiranger** is een van Unesco se wêrelderfenisgebiede weens die ongerepte skoonheid van die diep blougroen fjord en die Sewe Susters-watervalle wat langs die steil bergwande in die fjord neerstort.

Ons hou stil by die uitkykpunt Ornesvingen (Arendsdraai) om die sprokiesmooi wêreld op film vas te lê en verwonder ons aan God se handewerk. Daarna sak ons verder af met die Arendspas (11 draaie oor 9 km) tot by die dorpie Geiranger, waar ons oornag.

**So 29 GEIRANGER – LOEN**

Vanoggend ná ontbyt onderneem ons 'n bootvaart op die **Geiranger-fjord**. Volgens kenners is dit die mooiste fjordvaart, omdat die fjord as't ware ingeperk word deur hoë rotswande, berge en gletsers wat in die water weerkaats. Teen die steil berge rondom jou sien jy verskillende watervalle en net hier en daar klein boerderye soos arendsneste teen die steiltes. Dan verstaan jy as jy lees dat, wanneer iemand vroeër in die winter daar tot sterwe gekom het, die lyk onder die sneeu bewaar is tot in die lente vir die "laaste reis" na die begraafplaas.

Terug in Geiranger, durf ons die pas aan die ander kant van die fjord aan, waar ons nóg 'n keer die asemrowende uitsig op die Geiranger-fjord vanaf die Flydalsjuvet-uitkykpunt bewonder.

Indien die weer dit toelaat, ry ons voort oor die skitterende **Nibbeveien-pas** (deur geen Alpepas oortref nie!) tot op Dalsnibba. Soos die kraai vlieg, is die pas van begin tot einde 6 km lank, maar die bus ry met 11 haarnaalddraaie 17 km ver tot op 'n hoogte van 1 476 m, waar ons 'n ruk vertoef. Die uitsig op die bergwêreld van Dalsnibba en Geiranger is onbeskryflik. Dit is seker een van dié indrukwekkendste ervarings wat 'n mens kan beleef.

Ons ry voort na Loen, geleë aan 'n bergmeer, waar ons oornag.

**Ma 30 LOEN**

Vanoggend kan ons laat slaap en **Loen** op ons eie verken. 'n Interessante ervaring wag vanmiddag op ons wanneer ons die **Briksdalbreen** (gletser) besoek. Die Briksdalbreen is een van die sogenaamde "vingers" van die Jostedalsbreen, die grootste gletserveld van Europa. Dit beslaan 'n oppervlakte van 1 150 km<sup>2</sup>. Die dikte van die ys word op 400 m geraam. Die gemiddelde hoogte is 1 700 m en die hoogste punt is die Lodalskåpa (2 083 m). Jostedalsbreen lyk soos 'n groot hand met 26 ysvingers of gletsertonge, wat deur die nou valleie van die omgewing dring. Ons besoek een van die sy-arms te voet. Dié deel kan ook per elektriese motor bereik word. Hierna volg nog 'n entjie se stap waarna 'n mens die gletser van nader kan bekyk. Ons oornag weer in die heerlike viersterhotel van Loen.

**Di 31 LOEN – FLAM – VATNAHALSEN**

Ná ontbyt ry ons die baie mooi fjordegebied binne. By Fjaerland besoek ons eers die interessante gletsersmuseum. Ons neem die veerboot van Manheller na Fodnes en vaar hier oor die beroemde Sogne-fjord, wat die koning van die fjorde genoem word. Hierdie benaming is gepas, want dit is die langste (204 km) en diepste fjord (1 296 m) van Noorweë. Ons ry die panoramiese roete van Laerdal na Aurland tot by Flam.

Die opwinding is nog lank nie verby nie! Ons onderneem vandag per trein die skilderagtige roete van **Flam** na **Vatnahalsen**. Die roete klim met 863 m oor 20 km – werklik 'n ingenieursprestasie in bouwerk en 'n baie besondere ervaring! Ons neem 'n oornagtassie saam vir oornag in die skilderagtige bergdorpie Vatnahalsen, wat slegs per trein of motorfiets bereik kan word.

## Augustus

### Wo 1 **VATNAHALSEN – FLAM – BERGEN**

Ná ontbyt ry ons per trein terug na Flam en vaar per boot na Gudvangen op die idilliese **Naeroy-fjord**. Dit is 'n sytak van die groot Sogne-fjord en is 'n wêrelderfenisgebied wat al as 'n aardse paradys beskryf is. Dis een van die wêreld se mooiste fjords en is 17 km lank en op sy smalste net 250 m breed.

Ons vertrek vanmiddag van Gudvangen per bus na **Bergen**, wat ook "Dogter van die See" genoem word. Bergen is in 1070 deur koning Olaf Kyrr gestig op 'n plek wat deur sewe heuwels omring word. Vanweë die warm golfstroom het dit 'n matige klimaat. Hierdie klein vissersdorp het gou tot 'n bloeiende stad gegroei en in die 12de en 13de eeue het Bergen 'n fenomenale bloeitydperk weens handel en vissery beleef. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is dié stad swaar gebombardeer, maar daarna weer sierlik herbou. Bergen het 230 000 inwoners en 'n baie groot vissers- en handelsvloot. Dit is 'n belangrike kulturele en ekonomiese sentrum in Wes-Noorweë.

### Do 2 **BERGEN – GEILO**

Ná 'n stadstoer van Bergen het ons tyd vry om rond te stap in Bergen se ou-stad of by die interessante vismark. Daarna vertrek ons op pad na Oslo na Geilo, 'n gewilde vakansieoord, waar ons oornag.

### Vr 3 **GEILO – OSLO – ALTA**

Ná ontbyt ry ons deur die gebied wat bekend staan as die vrugtespens van Noorweë weens die talle vrugtebome wat hier weelderig gedy. Ons reis voort na die lughawe in Oslo vir ons vlug na Alta, die grootste stad in die provinsie Finnmark. 'n Bus neem ons van die lughawe na ons hotel vir oornag.

### Sa 4 **ALTA – HONNIGSVAG – NOORDKAAP**

Gebiede noord van die Poolsirkel staan ook bekend as die dele waar die son nooit in die somer ondergaan nie – dus die land van die Middernagson! Die Noorse Lapland vorm 'n groot deel van die Finnmark-provinsie. Hierdie deel van Noorweë wat aan Arktiese toestande blootgestel is, se uitgestrekte toendra bied 'n skrilte kontras met die weligheid in die suide.

Alta is bekend vir sy rotstekeninge wat dateer uit sowat 4000 – 50 vC en wat tot 'n Unesco-wêrelderfenisgebied verklaar is. Leiklip wat uit hierdie area kom, word wêreldwyd weens die goeie gehalte daarvan gebruik. Die mees noordelike yshotel wat slegs in die wintermaande oop is, word ook hier naby aangetref.

Ons het spesiaal hierdie deel in ons program ingewerk sodat 'n mens beter kan kennis maak met die uitgestrektheid van Noorweë en ook iets tipies van die Lappe, hul rendiere en die bekoring van Noordkaap kan ervaar. Ons besoek 'n hondeplaas waar die bekende Husky-honde geteel word.

Ons reis na **Honningsvag** op die boomlose eiland, Mageröy. Ons bereik die eiland deur 'n moderne ondersese tunnel.

By die hotel het ons geleentheid om 'n bietjie te rus en aandete te geniet voordat ons om ongeveer **22:00** ons "nagrit" onderneem na Noordkaap, wat sowat 20 km verder aan die punt van die eiland lê.

**Noordkaap** (Nordkapp) word beskou as die noordelikste punt van Europa en word gevorm deur die steil helling en punt van Mageröy. Die donker gegroefde leikliprots rys 307 m vanuit die Noordelike Yssee omhoog. Die uitsig vanaf die steil rotse oor die verlate oseaan is onvergeetlik! As die lug helder is, sien ons die middernagson in al sy glorie op die gesigseinder. Ons keer terug hotel toe om 'n slapie in te kry ná 'n besige dag.

### So 5 **HONNINGSVAG – KARASJOK – KAUTOKEINO**

Vanoggend ná ontbyt ry ons na die Olderfjord tot by Karasjok, hoofstad van die Noorse Lapland, waar ons ook die Sami Parlement kan sien. Ons reis voort deur die hart van Lapland na die klein dorpie Kautokeino, waar 90% van die bevolking Laplanders is. Ons besoek die "Juhls", 'n oase waar 'n mens veral blootgestel word aan die Arktiese natuur met kuns en pragtige silwerontwerpe. Ons oornag in Kautokeino.

**Ma 6 KAUTOKEINO – ALTA – OSLO**

Ná 'n vroeë ontbyt vertrek ons om **07:30** na Alta se lughawe vir ons vlug na **Oslo** om **10:50**. Ons arriveer om **12:45** in **Oslo**. Indien die weer dit toelaat, besoek ons die wêreldberoemde en omstrede Vigelandpark, wat bestaan uit meer as 200 brons- en granietbeelde wat oa liefde en haat, jeug en ouderdom, geboorte en dood uitbeeld. Daar is 'n afdeling wat die kleintyd van die mens uitbeeld asook 'n aangrypende uitbeelding van die mens se lewensloop van babastadium tot bejaardheid. Die verskillende verhoudings waarbinne die mens funksioneer, word ook uitgebeeld. Dit laat 'n blywende indruk op besoekers.

**Di 7 OSLO – KOPENHAGEN**

**Oslo**, die hoofstad van Noorweë, is 'n mooi stad met baie parke, mere en beboste heuwels. Die skeepswerwe, nywerhede en hawebedrywigheede is naby die stad, maar só geleë dat dit nie opsigtelik is nie.

Ná ontbyt onderneem ons 'n besigtigingstoer van hierdie stad. Ons ry met die bus deur die buitewyke van die stad na die Holmenkollen waar die jaarlikse ski-springkampioenskappe plaasvind. Hier kan die interessante ski-museum besoek en die ski-toring bestyg word (opsioneel) of die ski-nabootser kan (opsioneel) sorg vir groot pret!

Ons besoek ook die bekende Viking-skeepsmuseum op Bygdoy-eiland. Hier word twee van die oorspronklike Viking-skepe (9- en 10de eeu) wat opgegrawe is en besonder goed behoue gebly het, uitgestal. Dit is 'n uitstalling wat 'n mens nie mag misloop nie. Die Kon-Tiki-museum waar uitbeeldings van Thor Heyerdahl se ekspedisies te sien is en die Fram-museum, met die oorspronklike houtskip waarmee pool-ekspedisies reeds in die 19de eeu aangepak is, is ander museums op hierdie eiland wat die moeite werd is om te besoek. Ons vertrek na die hawe waar ons inskeep op ons luukse veerboot wat om **17:00** na Kopenhagen vertrek.

Ons geniet vir oulaas die skouspel van eilande in die Oslo-fjord en die feestelikhede aan boord.

**Wo 8 KOPENHAGEN – PARYS**

Vroegoggend kan 'n mens op die dek rondstap voordat ons vir 'n heerlike ontbyt aansit.

Ná ontskeping om **09:00** in **Kopenhagen** se hawe ontmoet ons ons gids vir 'n stadstoer van dié bekende stad. Kopenhagen is 'n polsende en bedrywige stad met baie interessantheide. Dit is ook 'n kopersparadys. Die naam Kopenhagen is afgelei van "Koopmanshawe" en dateer uit die jaar 1043. Merkwaaardige kastele en ruïnes uit die vroegste eeue kan nog hier gesien word, oa die Amalienborg, tuiste van die koningshuis, die Rosenborg-kasteel, waar die kroonjuwele bewaar word, en die Christiansborg, wat die Parlement huisves. Die besoek sluit ook die interessante hawekwartier Nyhaven en die bekende "Klein Meermin", handelsmerk van Denemarke, in.

Daarna het ons tyd vir inkopies voordat ons lughawe toe gebring word vir ons aansluitingsvlug **AF 1051** om **20:25** na **Parys**. Ons land om **22:20** in **Parys** en vertrek om **23:25** met **Vlug AF 990** na **Johannesburg**.

**Do 9 JOHANNESBURG**

Ons land om **09:55** op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** met mooi herinneringe aan 'n onvergeetlike toer!

**NB: Die program is aan verandering onderworpe.**